OUDIOBOEKE

PIONIERSKOOL VIR SIGGESTREMDES
BIBLIOTEEK
Adderleystraat 20 Worcester 6850
Tel: (023) 348 7613
Selfoon: 076 4830 116 / 063 6162 862
e-mail: pioneerlibrary@pioneerschool.org.za
Web:www.pioneerschool.org.za

INLIGTING AANGAANDE CD-DIENS

1. KORRESPONDENSIE

Alle aansoeke, versoeke of korrespondensie aangaande *oudioboeke* verwys na:
Die Biblioteekkoördineerder
Pionierskool vir Siggestremdes
Adderleystraat 20
Worcester, 6850.

2. LIDMAATSKAP

Aangehegte aansoekvorm moet volledig ingevul word en aan ons teruggestuur word om 'n lid van die oudio-diens te word.

NB. Vir wettige redes, is hierdie diens uitsluitlik vir visueel-gestremde luisteraars. Volgens die kopiereg, mag geen boek gedupliseer word op CD, geheuestokkie of enige ander derglike toerusting nie.

Stel ons asseblief onmiddellik skriftelik of telefonies in kennis indien u naam of adres verander, of as u u lidmaatskap tydelik of permanent wil beëindig.

3. BIBLIOTEEK

Die Biblioteek stel boeke beskikbaar aan alle visueel-gestremde persone. Oudio-boeke vanaf die *biblioteek* is beskikbaar teen ‘n minimale fooi van slegs **R10-00** per maand (R120-00 per jaar) Donasies is ook baie baie welkom aangesien ons slegs hierdie diens kan lewer d.m.v. befondsing in bv die vorm van donasies, skenkings, ens.

Kostes het die afgelope jaar geweldig gestyg en om een boek oor te klank beloop R135-00 per boek.

Biblioteek-dienste is nie beskikbaar gedurende skoolvakansies nie.

Ons verwelkom enige voorstelle of klagtes in verband met ons oudio-diens.

4. KENNISGEWING VAN PUBLIKASIE

'n Kwartaallikse lys met al die nuutste publikasies is beskikbaar op versoek. Gebruik asseblief die aangehegte aansoekvorm (koste op aansoekvorm).

5. BESTELLINGSPROSEDURE

Voltooi asseblief aangehegte aansoekvorm.Op hierdie aansoekvorm kan u merk van watter tipe boeke u hou. Die Biblioteekaresse sal sover moontlik hou by wat u verkies, maar sal ook soms iets anders stuur indien daar nie genoeg van u voorkeure beskikbaar is nie.

6. VERSPREIDING

Vier boeke sal op 'n keer aan u gestuur word. U word vriendelik versoek om, nadat u klaar is met twee of drie van hierdie boeke, dit onverwyld terug te stuur na die Biblioteek, sodat boeke nie maande by een adres bly en ander lesers ook kans kry om dit te lees. Sodra ons die eerste twee terug ontvang het, sal daar weer twee aan u gestuur word.

Daar sal slegs verdere boeke aan u gestuur word, sodra ons die eerste twee of drie van u terug ontvang het.

7. LEENTYDPERK

Lesers word versoek om asseblief nie die boeke langer as twee (2) weke te hou nie. Hoe gouer boeke terugkom, hoe gouer kan u weer ander ontvang.

8. PROBLEME EN FOUTE

Laat ons assblief weet as u enige probleme met CD's ondervind het.

9. MP3-SPELERS

Om die stories op CD te luister word u aangeraai om 'n Daisy-speler vanaf Grahamstad aan te vra, waarna u dan ook van hulle stories sal moet uitneem, of anders kan u 'n MP3-CD-speler koop.

10. VERSORGING VAN CD'S

Hanteer asseblief die CD's met sorg. Die laaste lener van enige CD sal verantwoordelik gehou word vir toestand van CD. Onthou altyd, dat die neem van boeke op CD is 'n baie duur proses.

Ons versoek dat u die CD houers met groot sorg sal hanteer. Moet nie by hoë temperature of direkte sonlig gehou word nie en buite bereik van kinders.

11. HANTERING EN VERPAKKING VAN CD'S

Versending van hierdie CD's is 'n gratis diens, so lank as wat dit geaddresseer is aan 'n instansie vir visueel gestremdes.

CD-houer

Indien u ‘n CD-houer ontvang, d

raai net die kaartjie met u adres om en stuur CD’s terug

Ons wil graag ons nuwe lede hartlik verwelkom by ons CD diens en wens u baie ure van lekker leesgenot toe.

NB. As u graag 'n donasie aan ons wil skenk (wat altyd welkom is), maak dan asseblief u tjek/posorder uit aan: Pionierskool: vir **biblioteekboeke**.

As u direk in ons bankrekening wil inbetaal, epos dan asseblief u depositostrokie aan:
Pionierskool Biblioteek by epos: pioneerlibrary@pioneerschool.org.za

Ons bankrekeningbesonderhede is as volg:-
Pionierskool
ABSA
Takkode: 503107
Rekeningnommer: 440620272

PIONIERSKOOLBIBLIOTEEKDIENSTE

OUDIO DIENS

PERSOONLIKE INLIGTING

TITEL: …….

NAAM EN VAN: ……..

POSADRES: …….

…….

…….

GEBOORTEDATUM: …….

TELEFOONNOMMER: …….

KERKGENOOTSKAP: …….

NAAM VAN PREDIKER: …….

BEROEP: …….

BP NOMMER …….

KAN U BRAILLE LEES: ..……

TAAL VOORKEUR ……..

SERTIFISERING:

Hierdie gedeelte moet deur 'n gemagtigde persoon voltooi word (bv. Dokter, Predikant).

Bogenoemde persoon kan nie normale druk lees as gevolg van (merk met x):

- ☐ Visueel gestremd
- ☐ Liggaamlik gestremd

Handtekening: ……..

Beroep: ……..

Datum: ……..

BIBLIOTEEKBOEKE (CD's)

Leesvoorkeure (merk met 'n x)

- ☐ Godsdiens
- ☐ Geskiedenis
- ☐ Kortverhale
- ☐ Reisverhale
- ☐ Biografie
- ☐ Romanse
- ☐ Avontuur
- ☐ Rillers
- ☐ Speurverhale
- ☐ Westerns
- ☐ Wetenskapfiksie

Skrywer voorkeure …….

Stuur asseblief voltooide aansoekvorm terug na:

- pioneerlibrary@pioneerschool.org.za
- Pos: Pionierskool vir Siggestremdes
  Privaatsak X3048
  Worcester
  6849